

Sing vooraf staande: Psalm 72:11 (p. 363)

- 11 Sy Naam, bo alle naam verhewe, / sy uit eerbiedenis
die volle roem en eer gegewe / so lank daar wêreld is!
En laat so ver die sonlig bewe, / so ver die sonpyl skiet,
sy heerlikheid die aarde^oorswewe! / En "Amen" sê my lied!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 104:1, 21 (p. 510)

- 1 Waak op, my siel, en loof die HEER! / My God, U is uitnemend seer
verhewe in u majesteit, / U is bekleed met heerlikheid:
- 21 Al wie die HEER se lof mishag, / laat hul soos stof voor wind vervaag!
My siel, wat uitsing tot Gods eer – / sing onvermoeid, en loof die HEER!

Geloofsbelydenis: Apostolicum

*Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid vir vergewing van ons sondes met
Skrifberyming 9-1:11 (nuwe lewe, versoening, die wil van God).*

Wet

Skrifberyming 9-1:11 (26:11)

- 11 Ons het, o HEER, u wet weerstrew, / genade^ois al waar ons op pleit;
gee ons in Christus nuwe lewe, / om dit te doen uit dankbaarheid.

Gebed

- *Doksologie:*
- *Aanbidding:*
- *Skuldbelydenis:*
- *Vergifnis:*
- *Dank:*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk,
owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

Amen.

Psalm 8:3, 4 (p. 31)

- 3 As ek, o HEER, u nagtelike hemel / daarbo aanskou, die tint- en glansgewemel;
hoe, deur U toeberei, die skugter maan / met stille gang oor sterrevelde gaan –
- 4 wat is die mens dan dat U hom gedenk het, / die mensekind wat U so ryk beskenk het!
Met eer en heerlikheid is hy gekroon, / skaars minder as die eng'le om u troon.

Skriflesing: Johannes 17

Teks: Johannes 17:24

**Vader, Ek wil graag hê dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook by
My moet wees, ... (Johannes 17:24a AFR83)**

Die ware gelowige se vrees dat hy sal hel toe gaan wanneer hy doodgaan, is heeltemal
ongegrond. Die rede daarvoor is so duidelik en voor die hand liggend: Die Here Jesus
Christus bid self by God die Vader vir jou dat jy sal wees waar Hy is: in die koninkryk van
God die Vader.

In hierdie preek let ons op die volgende:

1. **Die wydte van die Here Jesus se gebed**
2. **Die middel tot bekering**
3. **Die spanning tussen gelowiges en die wêreld**
4. **Die uitsig van die kerk**

1. Die wydte van Jesus se gebed

Die voorafgaande gedeelte het dit in die besonder gehad oor die elf apostels wat daar saam met die Here Jesus Christus was.

- Nou toon die Here Jesus aan dat sy gebed wyer gaan as net vir die dissipels.
- Hy bid nie net vir hulle nie. Hy bid ook vir die wat deur hulle prediking van die evangelie tot bekering sal kom.
- Die Here Jesus het in vers 9 al van die mense gepraat vir wie Hy nou bid, toe Hy gesê het dat dit hulle is wat sy Woord sal bewaar (vergelyk vers 9).

Toe die Here Jesus Christus die dag hierdie gebed gebid het, was al die mense van wie die Here Jesus gepraat het in hierdie gebed, nog nie gebore nie.

- Ons self was byvoorbeeld nog nie een gebore nie en tog is ons almal ingesluit in hierdie gebed.
- Die Here bid dus hier kennelik vir die toekomstige (of ongeboore) kerk ook.

Dit is dus baie belangrik dat ons snap wat die Here Jesus hier aan ons openbaar:

- Die Here Jesus is dus God die Verlosser wat so magtig is dat Hy onbeperk deur die tyd werk.
- Sy verlossing geld vir die hede en die toekoms.
- In die Grieks beteken die vorm waarin die werkwoord staan (die gebruik van die teenwoordige tyd) dat die gebed tydloos op alle gelowiges betrekking het.

Kom ons staan net een oomblik stil by hierdie saak en kyk na die betekenis wat dit vir my en u het.

- Ons weet dat die Here leer dat Hy uit al die mense wat lewe, mense vir Hom uitverkies het.
- Maar die probleem is dat dit vir baie van ons 'n vae teorie is en dan beleef ons dit so dat dit iets is wat nie aan ons lyf raak nie.

Hierdie woorde van die Here Jesus Christus in dié gebed openbaar dat alle gelowiges (die wat reeds dood is, sowel as die wat nou lewe en die wat nog gebore moet word) vir God en die Here Jesus Christus reëel en werklik bestaan.

- Ons is nie vir God mense wat in teorie bestaan nie.
- Vir Hom is ons daar – is ons werklik.
- Daarom word ons konkreet in hierdie gebed aan God opgedra.

2. Die middel tot bekering

Hoe gaan die verlossing wat die Here Jesus vir ons bewerk het en ons hemel toe gaan waarvoor Hy nou hier bid, vir ons 'n werklikheid word?

- Ons gaan waarskynlik dadelik dink: deur die Heilige Gees.
- Dit is ook waar, maar wat gebruik die Heilige Gees om by my uit te kom? Natuurlik die Bybel. Dit is ... **deur hulle woord**

... **deur hulle woord** ... sien nie net op die mondelinge verkondiging van die evangelie nie, maar sekerlik ook op die opskrifstelling van die Nuwe Testament.

- Dink daaraan dat die hele Nuwe Testament, met uitsondering van Markus, Lukas en Handelingte deur die apostels tot stand gekom het – maar in die totstandkoming van hierdie drie boeke het die apostels in elke geval ook 'n reuse-aandeel gehad.
- Dit word hier baie duidelik geopenbaar dat die wat tot die geloof sal kom, vir hierdie geloof en bekering op die apostoliese verkondiging en opskrifstelling van die Woord aangewys sal wees (vergelyk hierby Romeine 10:17).

Wat bid die Here Jesus vir hierdie gelowiges?

- Hy bid dat hulle in die eenheid van hulle geloof saamgebind mag wees.
- Die doel van hierdie gebed was sekerlik ook op die eenheid van die elf gerig.

Soos die apostels deur die eenheid van hulle geloof saamgebind moet wees, so moet die kerke wat hulle tot stand bring, ook saamgebind word in die eenheid van geloof en van geloofsbeoefening.

- Hulle eenheid is gegrond op die bewaring van die Vader: Hy bewaar hulle as 'n eenheid.

Hierdie woorde is swaar gelaai met 'n toekomssiening van die kerk.

- Die eenheid en die binding van die gelowiges op die aarde wys vorentoe na hulle eenheid en saambinding met mekaar, soos wat die gelowiges in die hemel saamgebind as die een liggaam van die Here Jesus sal wees.
- Daarby ook hulle verkeer met God wat dan in sy heerlijkheid by en oor hulle sal wees.

Hierdie gedeelte stel die organiese eenheid van die kerk (gelowiges) baie sterk en baie duidelik: Hulle vorm saam een liggaam van Christus.

- Die eenheid moet nie eers in die hemel vir die eerste keer tot stand kom nie.
- Dit moet op die aarde al sigbaar wees.

3. Die spanning tussen gelowiges en die wêreld

Broeders en susters, let daarop dat die gedeelte van die gebed drie bene het:

- Ek bid dat hulle een sal wees (die gelowiges).
- Ek bid dat hulle ook in Ons mag wees (soos *U in My is en Ek in U*)
- Ek bid dat die wêreld kan glo dat U My gestuur het.

Hierdie derde deel skep 'n kontras:

- Aan die een kant is al die gelowiges.
 - Hulle vorm 'n soliede eenheid.
 - Hulle moet onverdeeld 'n eenheid in Christus wees.
- Aan die ander kant staan die wêreld – die ongelowiges.
 - Hulle vorm ook 'n soliede eenheid in hulle verwerping van Christus.

Maar daar is 'n bepaalde beweging:

- Die eenheid van die kerk moet die wêreld oortuig dat God die Here Jesus Christus gestuur het.
- Al haat die wêreld die kerk, moet daar erkenning wees van die egtheid van die Here Jesus se sending.

NB: Die glo van die wêreld is hier nie saligmakend glo nie. Dis bloot erkenning daarvan dat wat die gelowiges glo, korrek is.

- Dit is naamlik dat die Here Jesus Christus God is en dat Hy die geskiedenis regeer.
- Dit is historiese geloof, met ander woorde bloot erkenning van die feite.
- Dis dieselfde soort geloof as wat die satan het!

In sy gebed sê die Here Jesus dat Hy aan ons sy heerlijkheid gaan gee.

- Die heerlijkheid waarvan vers 22 praat, is nie die ewige heerlijkheid wat God van ewigheid tot ewigheid het nie.
- Net die Here Jesus Christus het deel aan hierdie Goddelike heerlijkheid.
- Daaraan kry die gelowiges nooit deel nie.

Die gelowiges ontvang die heerlijkheid wat die Middelaar aan hulle skenk. Hierdie heerlijkheid word deel van hulle in al die vrugte van die genade (2 Korintiërs 3:18).

- Hierdie gawes gee die Here Jesus Christus aan ons deur die Heilige Gees.
- Die Here Jesus Christus het hierdie heerlijkheid ontvang as die vrug van sy arbeid in sy verhoging (Filemon 2:9) – al was dit reeds vir sy dissipels sigbaar in sy aardse lewe (Johannes 1:14).

Daarna bid die Here Jesus weer vir die eenheid van die gemeente.

- 'n Eenheid wat so solied is soos die eenheid tussen Hom en sy Vader.
- Hierdie eenheid moet die vyande van die kerk ook oortuig van God se liefde vir sy kerk.
- Hierdie liefde is gebaseer op die liefde wat die Vader vir die Seun het.

4. Die uitsig van die kerk

Tot nou toe het die gebed gegaan oor die strydende kerk deur die loop van die geskiedenis.

- Nou gaan die gebed oor die uitsig van die kerk in die koninkryk van God.
- Die Here Jesus bid nog steeds vir syne – die wat die Vader Hom gegee het.
- Die kerk in sy eenheid moet toetree tot die heiligheid van God se heiligdom – baie eenvoudig gestel: Hy bid vir ons aankoms in die hemel.

Met koninklike soewereiniteit verklaar die Here Jesus: **Ek wil dat ...**

- Die absoluutheid van sy soewereiniteit en mag kom uit in die teenwoordige tydsvorm: **waar Ek is ... hulle ook by My moet wees.**
- In daardie toetree van die heiliges vind daar nog 'n stuk openbaring plaas: Daar sien ons die Here Jesus Christus in sy heerlijkheid.
- Daarin word God ook verheerlik – Filemon 2:9-11.

Hierdie vooruitsig word steeds gewaarborg deur die krag van die Here Jesus Christus.

- Sy krag bly in die toekoms in ook onveranderlik – soos wat dit in daardie stadium was.
- Die heerlijkheid en krag is aan die Here Jesus Christus gegee omdat God Hom liefgehad het.
- Hy gee dit weer aan die wat syne is omdat Hy hulle liefhet.

Vers 25 en 26 vorm die slotargument vir die verhoring van die gebed.

- Die Here Jesus doen 'n beroep op die regverdigheid van God.
- In God se regverdigheid bly Hy getrou aan almal wat syne is.
- Daarom vervul Hy ook sy beloftes.

Daar is twee bene in die slotargument.

- Die eerste een is 'n negatiewe een: Die wêreld ken U nie.
 - Hulle weet dus ook nie van u trou nie.
 - Daarom kom hulle nooit in God se koninkryk uit nie.
- Die tweede een is positief: Die wat aan Christus behoort weet dat God die Here Jesus gestuur het.
 - Hulle ken God dus en daarom ook sy raadsplan.
 - Hierdie kennis is aan hulle geskenk deur die Here Jesus Christus self.

Die gebed word afgesluit met 'n verwysing na al die arbeid van die Here Jesus.

- Dit sluit in die opleiding van die dissipels sodat hulle bekwaam kon wees om die Nuwe-Testamentiese kerk in die wêreld te vestig.
- Ook sodat hulle die Nuwe Testament op skrif kon stel sodat dit aan ons oorgelewer kon word tot vandag toe nog.

Dit sluit natuurlik hoofsaaklik die dood en oorwinning van die Here Jesus in:

- Aan die een kant die daad waarmee Hy ons van die oorheersing van die sonde en die dood vrygemaak het.
- Maar aan die ander kant het Hy ons verander in kinders van God – dis die mense oor wie hierdie gebed om bewaring en toetrede tot die hemelse koninkryk gaan.

Die punt waarom dit gaan in hierdie preek, is die feit dat die Here Jesus die Vader bid dat ons ook sal wees waar Hy is. Soos ons praat: Hy vra dat ons saam met Hom in die hemel moet wees.

Van ons kant af gesien, gaan hierdie saak ook oor geloofsekerheid.

- Hoe baie keer wonder mens nie of dit regtig so is dat ons wat in die Here Jesus glo, in die hemel sal wees nie.
- Hoeveel keer twyfel ons nie oor ons verlossing nie – veral as ons ons eie sondes in berekening bring.

Ons moet oplet na een ding wat in hierdie hoofstuk gesê word deur die Here Jesus Christus.

- Dit is die feit dat Hy daarna verwys dat ons deur die apostels se prediking tot bekering en geloof sal kom.

Toe die Here Jesus hierdie gebed gebid het, was daar nog nie een woord van die Nuwe Testament op skrif nie.

- Maar die apostels het gegaan – soos die Here Jesus gebid het – en hulle het die Nuwe Testament gaan skryf as 'n nalatenskap aan die kerk.
- Dis ons Bybel se Nuwe Testament soos ons dit vandag nog het.
- Dis die Woord van God (prediking van die apostels) wat ons almal elke dag in ons geloof en bekering dra.

Daardie deel van die Here se gebed het dus reeds tot volle vervulling gekom.

In daardie lig moet u ook die gedeelte in die gebed sien waar die Here bid dat ons sal wees waar Hy is.

- Ons toetrede tot die hemel word net so waar soos wat die Here die prediking van die apostels en ons bekering en geloof daardeur waar gemaak het.

Broeders en susters, die versoening van ons sondes en die ewige lewe wat daardeur aan ons geskenk is – deur die dood en opstanding van ons Here Jesus is nie net 'n magtige werking van God nie.

- Dis almagtig – onkeerbaar, onomkeerbaar, onveranderlik.
- Die Here Jesus Christus het met sy dood die deure van die hemel vir ons oopgemaak.
- Leef in hierdie versoening sonder om te twyfel.
- Leef daardeur in God se ewige koninkryk in.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 138:3 (p. 671)

3 Dan breek hul saam in sangstem uit; / 'n lofgeluid klink U dan teë.
Want groot is God in heerlijkheid; / sy majesteit in al sy weë.
Hy slaan, hoewel oneindig hoog, / op hul die oog wat needrig lewe.
Maar sien van ver die kleinheid aan / van grootheidswaan wat hoog wil strewe.

Die genade van die Here die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 23 Maart 2014